

Dagsê alle belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Oor twee weke is Pretoria 150 jaar oud. Ek sluit 'n voorlopige program in van 'n kongres wat dan aangebied gaan word. Persone wat belangstel om die kongres by te woon kan registrasievorms kry by Estelle Pretorius: navorsing@voortrekkermon.org.za

Alhoewel ek die afgelope maand nie baie tyd gehad het nie is ek nog steeds op die ou koerante. Op die oomblik kan ek die ou keorante lees maar nie reproduseer nie. Deur die koerant op die skerm van die mikrofishleser af te neem kry ek 'n beeld, maar dit is nie baie duidelik nie. As ek die film op 'n ligkas sit en dan afneem is die resultaat effe beter. Nou het een van my broers voorgestel dat ek die film in 'n vergroter [waarmee ou wit en swart fotos vergroot is] plaas en dan probeer afneem. Volgende week gaan ek dit probeer.

Behalwe die gewone nuus oor gebeure in Pretoria [en ook natuurlik die advertensies] kry ek heelwat belangrike historiese feite in die ou koerante. Een "TROTS ZUIDAFRIKAANSE" feit waarvan min mense bewus is, is die volgende: Al die bronne wat ek geraadpleeg het sê dat Heys & Co. se poskoetse is uit Amerika ingevoer. Die volgende berig vind ek in "De Volksstem" van 18 Februarie 1889. Smith & Petrie het 'n koets vervaardig vir Heys & Co. wat gelykstaande is aan die vanaf Amerika ingevoer. Dit is die eerste van 'n aantal wat bestem is vir die Baberton en Zoutpansberg roete. Met die oog om die lastige riviere en steil bulte en berge waar die koets moet ry is die naaf speke met yster ondersteun – anders as die van Amerika waar slegs hout op leer gebruik word. Bernhard het die skilderwerk op die koets gedoen. Ons moet die here Smith en Petrie gelukwens met hul produk en die here Heys & Co. vir die ondernemingsgees aan die dag gelê.

Die feit is dus dat Heys & Co. nie al hul koetse van die Abbot-Downing Company van Amerika af ingevoer het nie maar ook plaaslik vervaardigde koetse gebruik het.

Agtergrondstudie: George Heys Express Saloon Coaches

George Heys begin sy koetsvervoerbesigheid in ongeveer 1882-1883. Die koetse wat hy gebruik het is van Amerika en deur die firma Abbot-Downing van Concord, New Hampshire, vervaardig. Daarbenewens het hy ook koetse gebruik wat plaaslik deur Petria & Co. vervaardig is. Dit is deur 10 perde teen 10 tot 15 myl per uur getrek, en kon 16 tot 20 passasiers vervoer. Die Heys koetse het hoofsaaklik vier roetes gedek: Vanaf Pretoria na die begin van die Kaapse spoorlyn in Kimberley ['n dag-en nagreis wat ongeveer drie en 'n halwe dae geduur het], 'n weeklikse diens na Baberton met takke in Leydenburg en Pelgrimsrust, 'n diens na Pietersburg en 'n vierde roete na Charlstown in Natal. Na die proklamasie van die Johannesburgse goudvelde in Augustus 1886 het Heys ook sy dienste na Johannesburg uitgebrei. Hy het ook 'n kontrak met die posmeester-generaal, Nicolaas van Alphen, gehad om pos te vervoer.

Die besprekingskantoor vir die Heys-koetsdiens was in Kerkstraat-Wes geleë, langs die plek waar die Hoofposkantoor vandag [2002] is. Die perdestalle was naby die suid-oostelike hoek van Vermeulen- en Kochstraat geleë.

Heys het sy posdiens geadverteer as "The Quickest and cheapest Route to the North. Speed, Comfort, Safety. No Night Traveling". Die reise het nietemin nie sonder voorval verloop nie. Dit het soms gebeur dat 'n passasier wat op die dak gesit het, as gevolg van die ruwe paaie afgestamp is. Op 10 Desember 1897 is een van die Heys-koetse naby Pelgrimsrust van 3 500 onse fyngoud beroof. Dit is nooit teruggevind nie.

Heys het sy koetse verminder namate die spoorlyn uitgebrei het. Die kontrak vir die vervoer van pos tussen Pretoria en Johannesburg is beëindig met die vertrek van die laaste koets uit Pretoria op 31 Desember 1892, 'n dag voor die aankoms van die eerste trein in Pretoria. Die heel laaste Heys-koets het in 1905 tussen Pietersburg en Pretoria geloop.

Agtergrondstudie: Smith & Petrie

In 1889 was hul besigheid geleë op Erf nommer 365 in Kerkstraat wes skuins oorkant die Poskantoor. Hul personeel was toe as volg: James J. Smith; David Petrie; J.D. Cooper [wa maker]; J. Gray [wa maker]; Andrew Heynes [wa maker]; John Hutchins [wa maker]; O. Watt [wa maker]; D. Steele [enjin bestuurder]; B. Bole [grofsmit]; J. Cobb [grofsmit]; A. Grey [grofsmit]; W. Kennedy [grofsmit]; J. Monteith [grofsmit]; Henry Skinner [grofsmit]; W. Bentian [versierder trimmer].

Hul besigheid was to na 1893 op hierdie perseel. In 1898 het die Poynton broers die perseel oorgeneem. Smith & Petrie het toe, in 1898, na Pretoriusstraat verhuis.



Ek dink hierdie is President Kruger se koets. Het iemand miskien meer inligting? Het Smith & Petrie die koers gebou of het hulle dit net opgeknop en aangepas vir die president.

Waterprobleme

So vroeg as 1875 was daar al probleme met die water in Pretoria. Dit was egter 'n heel ander probleem as vandag. J. Gaisford het 'n sodawater fabriek in Pretoria gehad, maar as die sodawater by brandewyn gegooi word verkleur dit **swart**. Hy het oorsee gaan kersopsteek en 'n firma daar het die volgende verklaring gegee. As daar te veel yster in die water is verbind die tannien van die brandewyn met die yster en vorm 'n neerslag van swart yster-tanniet. Hulle beveel aan dat verskeie waterbronne getoets word en die bron met die minste yster gebruik word. Verder sal die byvoeging van wynsteensuur ook help. In die Volksstem van 4 Desember 1875 verklaar Gaisford dat hy die raad gevolg het en dat die probleem nou opgelos is.

Groete tot volgende maand, Rosa Swanepoel